



Ons vermeerder God se vreugde!

Nuusbrief van Agter-Paarl Geloofsgemeenskap
Johannes Nortier

Nuusbrief Donderdag 13 Mei 2021

Gedagte van die week:

Voordat jy Jesus se lewe bewonder moet jy eers sy Wese (sy "being") aanbid, want uit sy Wese kom sy Lewe!

Vertrekpunt: Matteus 5:1-2

Meditasie uit die teks:

Die agt saligsprekinge in Matteus 5:3-12 is die brug na die res van die bergrede. Die Matteus-bergrede van Jesus is die vernuwing van die Eksodus-bergrede van Moses. Dit is 'n verruiming en 'n verdieping van Moses se lering. Sommer met die eerste luister of lees van die bergrede weet ons dat ons voor 'n groter uitdaging as die destydse Israëliete staan. Ons sal eers moet bid dat die Gees ons harte/gees vernuwe, want die ou vleeslike mens sal nie die nuwe "wet" van Christus kan nakom nie. Die nuwe "wet" van Christus, soos ons dit in die Bergrede (Matt 5-7) vind, is nie iets wat jy met menslike inspanning kan naleef nie. Glad nie. Jesus weet dit ook en daarom deel Hy dit aanvanklik nie met die menigte en skares wat eintlik godsdienstige "excitement" soek en slegs maar hoop vir een of ander "spectacular" wonderwerk nie. Ek wonder of Jesus vandag sy diep wysheid sou bring na geboue waar mense dromme slaan en op-en-af spring en een of ander "awesome" ervaring soek. Ek wonder maar net hieroor. Matteus 5:1,2 laat my dink dat Jesus weet dat sy lering nie bedoel is vir die meerderheid nie, dat sy lering nie bedoel is vir mense wat 'n maklik verstaanbare uiterlike wet wil nakom nie, dat dit nie bedoel is vir mense met 'n verbruikersmentaliteit, wat die wet stiptelik, letter-vir-letter, koud en klinies, wil nakom nie. Jesus leer my dat dit bedoel is vir die min mense wat van binne na buite wil leef, vir die minderheid wat die ongewilde smal weg kies waar jou hartsingestelheid en lewensgesindheid eers verander word voordat jou hande en voete die Nuwe Weg vind. Wanneer ek dit sô lees verstaan ek ook my eie onopgewondenheid oor groot godsdienstige byeenkomste en skares waar mense mekaar aansteek met kunsmatige opgewondenheid. Ek begin soos Jesus al meer glo dat Sy wysheid net sin maak in intieme geestelike verhoudings. Ek verstaan al meer wat Jesus bedoel het met baie is geroep, maar min is verkies. Ek verstaan al meer die storie van die kinders op die markplein wat nie wou dans op die maat van nuwe musiek nie (Matt 11:17). So ek is meer oortuig dat jy nie kan deelneem aan **Beweging Bergrede** alvorens jy nie deelgeneem het aan **Operasie Saligspreking** nie. "**Your doing will only change when your being has changed**". Dit is 'n wet soos swaartekrag.

Youtubeskakel:

Ons gaan Sondag 16 Mei 2021 om 09:30 'n reisgesprek in die kerkgebou hou. Jy kan hierdie reisgesprek ook op Youtube luister. Die youtube-skakel is <https://youtu.be/BWksyXrZT0g>

Meditasie uit die lewe

Ace Magashule is "ge-Ace", hy het 'n "Ace-like" probleem, hy is vir eers op die "Ace" gesit. So speel Suid-Afrika se nuusmedia met die storie van Ace Magashule. Iemand skryf vanoggend dat ene pastoor At, met Ace Magashule se inhuldiging as premier, gesê het dat Ace God se geskenk aan die Vrystaat is en dat 'n mens nie skaam moet wees as God jou seën met welvaart nie. Ek weet tog nie meer wat die waarheid is nie, maar ek ken my eie hart en ek moet bely dat ek 'n ongemaklike lekkerkry ervaar het toe Ace Magashule onlangs as SG van die ANC geskors is. Ek het nogal gewonder waar dit vandaan kom en of ek dit moet toelaat. Ek het ook gewonder of hierdie besorgdheid oor die ongemaklike gevoel dalk die gevolg is van oordrewe vroomheid en of dit dalk regtig die Heilige Gees is wat my vermaan. Iemand wat deelneem ons meditasie sê dat dit dalk die gevolg is van ons soeke na wat reg is en ons begeerte dat geregtigheid moet geskied. Ek aanvaar dit as 'n moontlike oorsprong, maar hoekom huil ek nie liever oor Ace se beweerde daade en die gevolge daarvan vir hom en ander nie. Ek is bekommerd dat my hart besoedel is en dat ek nie meer net die sonde haat en wil straf nie, maar sommer ook die sondaar. Sjoë, 'n mens moet regtig jou hart bewaak en wakkerloop sodat jy nie ongesiens wegval van die gesindheid van Christus nie. Ek weet dat 'n mens altyd moet onderskei tussen sonde en sondaar ... dit is 'n Christelike lewensooruiging wat van die begin af 'n hoeksteen van ons geloof is. Maar 'n mens se hartsgedagtes kan jou gou-gou wegvat van jou oortuigings! So, die woord "wakker", is hierdie week prominent in my lewe, want uit my wese kom my lewe, "from my being comes my doing". **WAKKER! WAKKER! WAKKER!**

As jy hierdie epos foutiewelik ontvang of dit nie meer wil ontvang nie, stuur net 'n epos wat lui "kanselleer nuusbrief" na ngkagterpaarl@telkomsa.net of nortierjohannes6@gmail.com